

Donderdag 26 Oktober

Skrifgedeelte: Openbaring 14:1-13

Fokusgedeelte: Openbaring 14:13

Werke wat nie vergeet word nie

Vanuit ons gelese gedeelte sien ons dat die werk van gelowiges meer betekenis het as wat hulle soms dink. Eers hoor ons van die Here se kinders wat sonder gebrek voor sy troon is. Dan verskuif die aandag na die verskriklike oordeel van die Here wat die ongelowige wêreld (Babilon) gaan tref. Ons lees hoe die ongelowiges tot in ewigheid gepynig sal word voor die Lam (Christus) en dat hulle geen rus het nie.

Daarteenoor hoor ons van die rus van die Here se kinders. Die gelowiges wat die geboorte van die Here gehoorsaam, word eerstens in vers 12 opgeroep om te volhard. Daarna lees ons die troosvolle woorde van vers 13 wat die gelowiges bemoedig om te volhard. Daar staan dat diegene wat in Christus sterwe, salig is. Hoekom? Teenoor die ongelowiges gaan hulle rus van hulle arbeid. Hulle stryd is verby en hulle gaan die ewige rus van God in.

Daar is egter nog iets van belang. Hulle werke sal nooit vergete raak nie. Hulle werke volg met hulle. Hoe is dit moontlik? Ons beste werke is dan met sonde beplek. Christus heilig ook die geloofsdade van sy bruid. Alles wat die kerk in die geloof doen, hoe gebrekkig ook al, maak die Heilige Gees vir die Allerhoogste aanneemlik op grond van Christus se kruis en opstanding.

So word ons bemoedig om te volhard om goeie werke in die geloof te doen orals waar ons leef en werk. Hierdie geloofsdade volg die kerk tot die ewige heerlijkheid van God. Dit kan ons nie red nie en tog is dit nooit tevergeefs nie.

So vertrou die Heilige Gees die gemeente van Korinte ook: *“Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie”* (1 Kor. 15:52). Die werk van die Here is nie net kerklike werk nie, maar alle werk wat ons in sy koninkryk verrig. Laat ons, met hierdie troos gewapen, oorvloedig in die werk van die Here wees – dit sal nooit vergete raak nie!

Sing: Psalm 90-1:1, 9

Ds. RA Bain (Ronald) (Oranjerivier)